**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersienings Nr. 954/2004

In die hersiening tussen:

**<u>DIE STAAT</u>**

en

**<u>TSELANE ELIZABETH MOKONE</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **VAN COPPENHAGEN *et* WRIGHT, RR**

---

**<u>UITSPRAAK DEUR:</u>** **VAN COPPENHAGEN, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **29 JULIE 2004**

---

[1] Die beskuldigde was aangekla en skuldig bevind aan 'n klagte ter oortreding van artikel 45(a) van Wet 27 van 1989, deurdat sy op 9 September 2003, te Virginia op 'n gelisensieerde perseel drank aan 'n persoon onder die ouderom van 18 jaar verskaf het.

Die vonnis was 'n boete van R2 000,00 of ses maande gevangenisstraf.

[2] Artikel 45 van die Drankwet, Nr. 27 van 1989 sover te sake bepaal:

> "45. Die houer van 'n lisensie mag nie –
>
> (a) drank op 'n gelisensieerde perseel verkoop of verskaf aan enigiemand wat onder die ouderdom van 18 jaar is nie;
>
> (b) ...."

[3] Die polisie het op 9 September 2003 persone waarvan die ouderdom geskat was op tussen 15 en 16 jaar buite die perseel en ook op die gelisensieerde perseel van die beskuldigde aangetref. Van hierdie kinders was volgens die getuies "besig om drank in te neem" en van die kinders het ook gesê dat hulle "die bier, die drank gekoop het by die Victoria Taverne".

[4] Op die perseel was volgens minstens een Staatsgetuie benewens die beskuldigde ook 'n ander persoon wat drank aan kliënte verkoop het.

Die beskuldigde het ontken dat sy self enige drank op enige stadium aan enige van die persone onder die ouderdom van 18 jaar verkoop het.

[5] Geen direkte getuienis van enige drankverkope deur die beskuldigde aan persone onder die ouderdom van 18 jaar was, nieteenstaande die beskuldigde se pertinente ontkenning van enige drankverkope deur haar, aangebied of gelewer en dit in weerwil daarvan dat die polisie minstens volgens hulle getuienis verklarings van minstens drie persone wat gedrink het bekom het.

[6] Die bewyslas was deurgaans op die Staat om te bewys as bewese bo redelike twyfel dat die beskuldigde sterk drank op die betrokke dag op die gelisensieerde perseel aan persone onder 18 jaar verskaf het. Die beste en direkte getuienis hieromtrent sou ongetwyfeld die persoon wees aan wie die drank verskaf was en van wie die polisie verklarings bekom het.

In **<u>S v TEIXEIRA</u> 1980 (3) SA 755 (A) te 764A-B** word die gevolge van die versuim om ‘n getuie te roep wat relevant is as volg toegelig:

> “In my opinion, the failure by the State to call Tshabalala to testify as a witness justifies the inference that in counsel’s opinion his evidence might possibly give rise to contradictions which could reflect adversely

on Sarah's credibililty and reliability as a witness."

Gegewe die feit dat minstens een ander persoon ook drank verskoop het, saamgeneem met die Staat se versuim om beskuldigde direk met die drankverkope te verbind terwyl daar moontlik sulke getuienis was, moet volg dat die Staat nie sy saak bo redelike twyfel bewys het nie.

[7] Die skuldigbevinding en vonnis moet tersyde gestel word.

Die volgende bevele word gemaak:

(i) Die beskuldigde se skuldigbevinding en opgelegde vonnis word tersyde gestel;

(ii) Die boete deur die beskuldigde betaal moet aan haar terugbetaal word.

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

**EK STEM SAAM**

**G.F. WRIGHT, R**

/scd